

STUDIE VAN DIE LETTERKUNDE IN DIE TAALONDERRIG

deur

Prof. dr. L. Peeters



**PUBLIKASIES VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
NUWE REEKS NR. 91 — 1975**

**PUBLIKASIES VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
NUWE REEKS
NR. 91**

STUDIE VAN DIE LETTERKUNDE IN DIE TAALONDERRIG

deur

Prof. dr. L. Peeters

Intreerede gelewer op 20 Maart 1975 by die aanvaarding
van die professoraat in en die hoofskap van die Departement
Romaanse Tale aan die Universiteit van Pretoria.



**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
PRETORIA
1975**

Hierdie publikasie en die publikasies wat agter in hierdie publikasie
vermeld word, is verkrygbaar by:

**VAN SCHAIK'S BOEKHANDEL (EDMS) BPK
Burnettstraat 1096,
Hatfield,
PRETORIA 0002**

Prys: R0,80

ISBN 0 86979 091 9

Outeursreg Voorbehou.

Daar bestaan twee moontlike benaderings ten opsigte van in-treeredes. Enersyds kan die intredende professor 'n spesifieke probleem van sy vak kies en dit behandel om sodoende bewys te lewer van sy erudisie en sy begaafdheid om 'n probleem te stel en op te los. Andersyds kan die debutant 'n soort van troonrede lewer, as't ware 'n leerstoelrede waarin hy in die algemeen oor sy vak besin en oor die weg wat hy in sy onderrig wil inslaan. Ek het voorkeur aan die laaste tipe rede vir vanaand gegee. Om aan die oorwegings wat volg die mins moontlike subjektiewe karakter te gee, het ek hulle geplaas onder die titel "Studie van die letterkunde in die taalonderrig". Met die eerste oogopslag kom hierdie titel onskuldig voor, maar uit die uiteensetting sal blyk dat die vraag na die betekenis van letterkundige studie vir die taalonderrig heelwat probleme skep. Daarom wil ek nou reeds sê dat daar aan die einde van my betoog waarskynlik meer vrae as antwoorde sal wees. Ek kan u nie sê wat taal is nie, want taal is 'n misterie. Ek kan ook nie sê wat letterkunde is nie; van letterkunde kan ek hoogstens beweer dat dit die leser nader aan die kern van daardie misterie kan bring. Dit is slegs die bedoeling om die misterie van binne na buite te belig ten einde 'n beter insig te probeer kry van die taak wat op my wag.

In die tradisionele universiteit was die taalonderrig nog altyd 'n voorbereidende stap tot die studie van die letterkunde. Sedert die Tweede Wêreldoorlog het die behoefte egter in toenemende mate ontstaan om vinnig 'n ander gesproke taal aan te leer. Die oorsaak van die verskynsel is veral geleë in die maatskaplike fenomeen van gasarbeiders. Wes-Europa het al hoe meer van arbeiders uit Afrika en die Nabye Ooste begin gebruik maak; ook het die noordelike, meer geïndustrialiseerde lande groot getalle ongeskoolde arbeiders uit die armer lande om die Middellandse See getrek. Daarby kom nog die verskynsel van internasionale verenigings en organisasies: in Europa het veral die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie, die Europese Gemeenskapsmark, Euratom, ens. tot stand gekom. Die behoefte of noodsaak om 'n vreemde taal aan te leer, het dus nie so seer op humanistiese of wetenskaplike gronde berus nie, maar spruit voort uit die praktiese behoefte aan begrip en kommunikasie. Die tradisionele taalonderrig gaan uit van die prinsiep van vertaling en is veral gebaseer op die geskrewe woord. Dit is sonder meer duidelik dat dié metode geen vinnige resultate kan lewer nie. 'n Werknemer het die vreemde taal immers dringend nodig om met sy werkgewer en sy kollegas te kan praat; die openbare amptenaar wat sy land verteenwoordig, het kennis van die vreemde taal dringend nodig om met die mense van die land waarheen hy gestuur word mondeling kontak te kan maak. Reeds tydens die Tweede Wêreldoorlog, maar veral na die beëindiging van vyandelikhede, het institute oral ontstaan wat hulle ten doel

gestel het om doeltreffender metodes van taalonderrig te ontwerp. Dit is opvallend dat hierdie institute meestal nie tot die universiteit behoort het nie. In hul soeke na doeltreffende metodes van taalonderrig het die sogenoemde taalafrigters hulle gewend tot die insigte van die moderne taalwetenskap en hulle steeds minder gebonde gehou aan die humanistiese onderrig van die universiteit. Ons sal dus eers ons aandag wy aan die moderne taalwetenskap en probeer om 'n insig te verkry in die metodes wat sy beoefenaars toepas en in die filosofiese vooronderstellinge waarop die wetenskap gebou is. 'n Bespreking van die taalwetenskap kan nie die vraag na die aard en wese van taal ontwyk nie. Uit die volgende besinning oor die aard en wese van taal sal die statuut van die letterkunde as 't ware organies volg, en so ook die verklaring van die noodsaak om die letterkunde by die taalonderrig te betrek. In die tweede deel van die uiteensetting sal ons poog om, eerstens, te verduidelik wat letterkunde kan beteken en, tweedens, aangepaste middele tot die benadering daarvan te omskryf.

Dit ly geen twyfel nie dat die taalwetenskap as wetenskap eers in die twintigste eeu tot selfbewussyn gekom het. 'n Mens moet dit na my mening sien teen die agtergrond van die positivisme en die scientisme, wat na die soms skouspelagtige resultate van die moderne tegnologie en toegepaste wetenskap aanloklike geesteshouinge vir die mens geword het. Die studie van taal as wetenskaplike dissipline het sy eerste welslae te danke aan die werk van die Switserse taalkundige Ferdinand de Saussure, wat die epistemologiese basis vir die huidige strukturalistiese linguïstiek voorberei het. Die duidelikste formulering van die prinsiepe van die strukturalistiese linguïstiek vind ons by die Deense taalkundige Helmslef, en die waardevolste resultate in die fonologie van Troubetskoi en in die studies van die Franse taalkundige Martinet, wat die geartikuleerde struktuur van die taal op die niveau van die klank en op die niveau van die betekeniseenheid beskryf het. Elke vorm van moderne taalonderrig moet rekening hou met die metodes en resultate van die strukturalistiese linguïstiek. Ons wil daarom die strukturalistiese metode van ondersoek van naby beskou en 'n insig probeer kry in die epistemologiese vooronderstellinge wat aan die metode so 'n skyn van sukses gegee het. Die strukturalistiese metode berus op 'n dubbele reduksie: dit plaas inderdaad die saak waaroor gepraat word en die sprekende subjek in hakies. Die voorwerp van, altans volgens die strukturalisme, wetenskaplike taalondersoek is slegs die taal as instelling, taal beskou as 'n outonoom geslote sisteem van tekens wat bestaan buite die bewussyn van die individu wat dit bestudeer of gebruik. Hierdie sisteem word beskou as 'n geslote geheel van verhoudings tussen elemente, wat slegs betekenis het kragtens hulle onderskeid met ander elemente. Die geheel van elemente word gereël deur ewewigswette,

wat onafhanklik is van die moontlike verskuiwings wat in die sisteem mag plaasvind. Die strukturalistiese linguistiek beskou die taal as 'n voorwerp van empiriese ondersoek wat die objek in sy kleinste elemente ontleed en die wette wat hulle bind, probeer vasstel. Hierdie kort karakterisering van die strukturalistiese metode van ondersoek kan ons 'n beeld gee van die tipe van insig wat daardie metode kan oplewer. Resultate is slegs moontlik indien die studieobjek 'n reeds gemaakte, reeds gevestigde en geslote korpus is. Die sukses van die ondersoek hang ook af van die moontlikheid om 'n volledige inventaris te maak van die elemente waaruit die korpus saamgestel is. Daardie elemente moet in opposisionele verband gebring kan word — verband wat onderhewig moet wees aan 'n geslote geheel van kombinasiewette. Ons moet nou die vraag stel of taal inderdaad die voorwerp van sodanige ondersoek kan wees. Hierdie vraag is van fundamentele belang want dit impliseer eintlik die verdere vraag na die aard en wese van taal. Hierdie laaste vraag word deur die strukturalisme buite beskouing gelaat. Uitgaande van die basiese aanname dat die taalwetenskap inderdaad strukturalisties en streng is, moet die taalkundige 'n abstraksie maak van 'n groot verskeidenheid van sake wat by normale, alledaagse taalgebruik 'n rol speel. Om die sistematiese karakter van taal as instelling te kan handhaaf, moet die taalkundige drie sake buite beskouing laat: die konkrete spreekdaad, die verandering in die sisteem en die intensie wat die spreekdaad ten gronde lê. Dit mag wel paradoksaal klink dat 'n wetenskap wat beweer dat dit empiries is juis die konkrete, alledaagse ervaring buite rekening laat. Ons wil hierdie ongerymdheid egter nie gaan ontrafel nie. Wat volgens my mening onstellend is, is die feit dat intensie uitgeskakel word. Met intensie bedoel ek die feit dat, in die spreekdaad, iemand iets oor iets sê.

Die laaste sin klink miskien belaglik omdat dit so vanselfsprekend is, maar dit is juis hierdie heel eenvoudige werklikheid wat deur die strukturalistiese taalondersoek in hakies geplaas word. Hierdie reduksie het eintlik 'n ideologiese agtergrond: die taal word geheel onmenslik. Dit is trouens die geval in die strukturalistiese geesteswetenskappe in die algemeen: die mens as persoon word genegeer; daar is nie innerlike lewe nie, daar is nie soiets soos 'n persoon nie, daar is nie waarde nie en geen betekenis nie; daar is alleen 'n struktuur, 'n sisteem, en al die konkrete realisasies daarvan is slegs variante van die konstante en determinerende sisteem. Dis nie die individu wat praat nie, dis nie die individu wat vry die kombinasies kies wat hom in sy gewese situasie pas nie; nee, die taalsisteem praat deur die individu. De Saussure het waarskynlik nie al hierdie implikasies in die vooruitsig gestel nie, maar aan die ander kant was hy tog 'n positivist. Dit is waaragtig 'n uitsonderlike verskynsel dat op die tydstip waarop die natuurwetenskap-

pe die ongedetermineerdheid van materie proefondervindelik vasgestel het, geesteswetenskaplikes begin soek het na die totale gedetermineerdheid van die menslike fenomeen. Maar hierdie beskouinge sal ons dalk te ver weglei van die tema van vanaand se betoog.

Die kritiek wat ek nou gelewer het, kom eintlik ten dele van buite. Ek wil daarom die strukturalistiese metode in taalondersoek van binne ontleed. Hierdie interne kritiek sal my ook in staat stel om die tot nog toe teoretiese betoog met 'n paar voorbeelde toe te lig. Die eerste voorwaarde van sukses vir 'n empiriese metode is dat dit moontlik moet wees om vir die ondersoek 'n geslote geheel af te baken. Nou, wat is die geheel van die Franse taal? Is dit die Frans wat in Parys gebesig word of dié wat in Bordeaux gepraat word, die Frans van die beeldradio of dié van 'n Franse rugbyspeler? Die vrae wat ons nou stel, kom daarop neer dat dit onmoontlik is om van 'n lewende taal 'n korpus op te stel. Die empiriese ondersoek volg altyd sy studieobjek, en is bestem om altyd te volg. In daardie perspektief word die streng onderskeid tussen taal aan die een kant en spreekdaad aan die ander kant baie problematies. Ons kom weer terug op hierdie probleem. Die tweede voorwaarde van sukses vir die strukturalistiese metode is dat dit moontlik moet wees om 'n inventaris van binêr teenoorgestelde elemente saam te stel. 'n Element in 'n taal funksioneer in soverre dit verskil van al die ander elemente. Op die niveau van die klankbyvoorbeeld, laat die verskil tussen die oop en geslote o in Afrikaans die woordpare bos en boos, ros en roos, ens. toe. Daardie verskil tussen die oop en geslote o is relevant in Afrikaans. So 'n element of taaleenheid op die niveau van klank word 'n foneem genoem. Elke taal vertoon 'n beperkte aantal foneme, en in die tot hier toe ondersoekte tale varieer die aantal foneme van sestien tot sestig. Die bedoeling van die strukturalistiese fonologie is dan om al die foneme af te sonder en hulle kombinasiewette vas te stel. Dit lyk op sigself 'n realiseerbare doel. As ons egter dieselfde klinker o in Frans beskou, dan sien ons eers en veral dat die verskil tussen die oop en geslote o nie funksioneel is nie: daar is nie 'n betekenisverskil tussen [pɔvre] en [povre], tussen [pɔ] en [po], ens. nie 'n Verdere ondersoek toon egter aan dat daar wel 'n verskil is tussen [pɔl] en [pol], tussen [sɔt] en [sot]. Nou, hoekom is vokaalhoogte in bepaalde gevalle funksioneel en in ander nie? As 'n sisteem uitsonderinge toelaat, kan hy dan nog as geslote beskou word? Die antwoord op hierdie probleem lê waarskynlik in die feit dat klankverskil sy funksie van die betekenis af kry, en nie omgekeerd nie. Op die niveau van die betekenisdraer of moneem, d.w.s. die kleinste taaleenheid wat betekenis het, is die kriterium van verskil nog minder houdbaar. Betekenis ontstaan juis deur intensie, wat die strukturalistiese metode buite beskouing laat. Die tekortkomings

van die strukturalistiese metode wat ons nou aangedui het, kan verklaar word deur die feit dat die ondersoek nog in die beginstadium is en dat nadere, deurtastende ondersoek en sistematiesie 'n oplossing kan bring. Ons kan dan ook die teoretiese moontlikheid aanvaar dat 'n approksimatiewe inventaris van die foneme en moneme van 'n gegewe taal gemaak kan word, dat eweneens 'n soort van algebra opgestel kan word wat die kombinasie van taaleenhede tot sinsdele reël; daardie eenhede bly egter taaleenhede wat, prakties gesien, uit 'n beperkte aantal spreekdade geabstraheer word.

Die strukturalistiese taalbenadering stel ons aldus voor vier onoorkoomlike teenstellinge: Eerstens is daar die teenstelling tussen die tydsgebonde spreekdaad aan die een kant en die atemporele taalsisteem aan die ander kant. Dié teenstelling maak die verstaan van verandering heeltemaal onmoontlik; die verandering as sodanig is onverklaarbaar. Die tweede teenstelling bestaan tussen die vryheid van die spreker by die kombinasie van die taaleenhede aan die een kant en die verpligtinge van die sisteem aan die ander kant. Hierdie teenstelling maak die uitleg van foute en leuens onmoontlik. Derdens is daar die onoorbrugbare teenstelling tussen die haas oneindige aantal kombinasies enersyds en die beperkte en geslote repertorium van tekens andersyds. Hierdie teenstelling maak innovasie onverklaarbaar. Ten slotte is daar die teenstelling tussen die verwysingskrag van die teken en die geslotenheid van die teken beide op sigself en in die sisteem. Al hierdie teenstellinge kan saamgevat word in die antinomie tussen die sig uitdrukkende individu aan die een kant en die anonieme sisteem aan die ander kant. In die bestek van die strukturalistiese taalopvatting is hierdie teenstellinge onoplosbaar.

Verskillende pogings is aangewend om hierdie opgesomde antinomie te oorbrug. Die bekendste, altans in die Angelsaksiese wêreld, is die generatiewe taalkunde van Noam Chomsky, wat gepoog het om die geslote geheel van tekens te versoen met die oneindige aantal kombinasies. Sy kartesiaanse taalkunde berus op die vooronderstelling dat in die menslike brein 'n ingebore kapasiteit tot taal bestaan, 'n soort minikomper wat geprogrammeer is om grammaties korrekte sinne te produseer. Dit wil vir ons voorkom of sy generatiewe model slegs 'n skynoplossing bied. As 'n universele logika aan die basis van taalproduksie staan, is elke uitspraak inderdaad gedetermineer. Foute en leuens is dan a priori onmoontlik. Ook die produksie van a-grammatikale sinne word onverklaarbaar. Om dit nog skerper te stel: indien die menslike taal volledige beheers word deur 'n dieperliggende sisteem wat heeltemal logies en bindend is, dan is individuele uitdrukking onmoontlik en is alles wat gesê word noodsaaklikerwyse waar. Dit is moeilik om hierdie laaste bewering te aanvaar. Aan

die ander kant, as 'n mens aanvaar dat foute en leuens moontlik is, is daar geen moontlikheid tot begrip tussen individue nie. In die laaste geval is daar wel vryheid vir die individu, maar hy bly bestem tot eensaamheid. Die linguistiek van Chomsky leun sterk aan by die logiese of analitiese taalfilosofie, wat die logiese wette nagespoor het wat universeel geld en toelaat dat 'n uiting sinvol word. Hierdie filosofie struikel egter op die feit dat logiese strukture uiteraard nie saamval met taalstrukture nie. Logies gesien, kan daar net ware en onware uitinge wees en slegs ware en onware uitinge is sinvol. In die taal egter is dit moontlik om uitinge te maak wat nóg waar nóg onwaar is en dus, logies gesien, sinneloos behoort te wees. Die onvolkomenheid van 'n taalwetenskap wat gebaseer is op logiese taalanalise (vandaar die benaming kartesiaanse linguistiek) berus weer op die reduksie van die werklikheidswaarde van 'n uiting en sy ondergeskiktheid aan 'n suiwer formeel logiese reel.

Die vierde antinomie wat ons so pas genoem het, naamlik die teenstelling tussen die verwysingskrag van die teken en die geslotenheid van die teken, vind 'n oplossing in die meer fenomenologies gerigte linguistiek van die Franse taalkundige Gustave Guillaume. Hierdie tot nog toe weinig bekende en in sy eie land gespotte en veragte taalkundige probeer aantoon hoe 'n woord in 'n sin werksaam is en daardeur 'n referensiële of verwysende waarde kry. Die fenomenologiese taalbeskouing is ook in Duitsland verteenwoordig deur die studies van Gadamer en Johannes Lohmann. In hierdie benadering is die woord nie meer 'n eenheid in die sisteem nie, maar vervul dit 'n funksie in 'n volsin wat die werklikheid dui.

Die spraaksituasie word nou die voorwerp van ondersoek. In die spraaksituasie is daar drie komponente: die selfuitdrukking, die verwysing en die mededeling. Die betrekking in die ondersoek van verwysing en selfuitdrukking as wesenlike komponente van taalgebruik het tot gevolg dat iedere geval van taalgebruik in feite die hele sisteem verskuif. Elke spreekdaad is tydelik. Die vraag ontstaan dan hoe 'n essensieel tydelike boodskap tydieloos kan word. Inderdaad, as elke uitspraak volledig gebind is aan sy omstandighede, dan is interpretasie uit ander omstandighede onmoontlik. Die fenomenologiese sienswyse het dan ook die grootste moeite om vas te stel wat blywend is in 'n bepaalde boodskap. Hierdie laaste probleem is veral van belang in die studie en interpretasie van die letterkunde, en meer nog van die historiese taalkunde, wat dikwels soos 'n hond in kringe agter sy stert aanloop.

Die uitgangspunt van ons uiteensetting was die vasstelling dat moderne taalonderrig moet uitgaan van die verwesenlykinge of insigte van die moderne taalwetenskap. Ons het daarom die moderne

taalwetenskaplike beskouinge en hulle vooronderstellinge aan 'n ondersoek onderwerp. Wat kan die taalwetenskap nou aan die taalonderrig bied? Aangesien taal opgevat word as 'n geslote sisteem van tekens wat kombineer volgens 'n geslote sisteem van wette, kan die aanleer van 'n taal in groot mate gemeganiseer word; die vertaling word uitgeskakel. Streng beskou, is daar in die strukturalistiese opvatting geen plek vir en ook geen moontlikheid van vertaling nie. 'n Struikelblok vir werklike taalonderrig bly egter die uitskakeling van die verwysingswaarde van 'n taal, en dit is dan ook nie verbasend nie dat die moderne metodes die referensie binnesmokkal via „readers“, maar nog meer so in die skuifies en rolprente wat by audiovisuele onderrig gebruik word. As 'n Fransman wat Engels wil leer byvoorbeeld 'n foto sien waarop vrugtesap, rysvlokkies, haring, eiers en spek, biefstuk, geroosterde brood en tamatiesous verskyn, sal hy nie aan 'n „petit déjeuner“ dink nie want sy dag begin mos met croissants en swart koffie. En tog is petit déjeuner die vertaling van die Engelse breakfast en die Afrikaanse ontbyt. In die onderrig is dit nie genoeg nie om die Franse sisteem van terme wat maaltye betref, nl. petit déjeuner, déjeuner en dîner, te vergelyk met die Engelse sisteem van breakfast, lunch en dinner nie. 'n Mens moet ook vir die student duidelik maak dat breakfast eintlik beteken vrugsap, rysvlokkies, haring, spek en eiers, biefstuk en roosterbrood met tamatiesous. Hy sal miskien dan ook twee keer nadink voor hy die sprong oor die Engelse kanaal sal maak. Met hierdie voorbeeld kom ons tot die kern van die probleem: hoe is dit moontlik om van een geslote taalsisteem na 'n ander geslote sisteem oor te gaan?

Die aanleer van 'n vreemde taal is slegs moontlik omdat taal nie net 'n sisteem van tekens is nie maar omdat dit werklikheidswaarde het. Essensieel gesien en in sy diepe grond beskou, is die spreekdaad nie 'n struktuur van taalelemente nie, dit is ook nie beperk as 'n subjektiewe intensie van die spreker nie: Die spreekdaad is in eerste instansie 'n manier van syn waarin dit vir ons duidelik word dat die syn so gekonstitueer is dat dit gesê kan word, dat dit ter sprake gebring kan word. In die taal spreek die mens die syn uit. Taal is openbaring van die syn in die woord. Ons eerste verhouding tot die taal is dan ook nie dié van praat nie maar dié van luister. In ons moedertaal is dit so vanselfsprekend dat ons nie daarvoor nadink nie, maar as 'n Vlaming hoor daar word gepraat van 'n toe-broodjie, dan is hy eers verras, selfs aangenaam verras. Dit is dan een van die belangrikste resultate of vrugte wat ons uit die aanleer van 'n vreemde taal kan haal: die bewuswording van wat taal eintlik is. Soos die vermaarde Duitse taalkundige en filosoof Wilhelm von Humboldt dit uitgedruk het: taalstudie is „... das Höchste und Tiefste und die Mannigfaltigkeit der ganzen Welt durchfahren“. Dit spreek vanself dat daar in die alledaagse taal weinig

sprake van onthulling is. Om bewus te word van wat eintlik in taal gebeur, is dit nodig om uit die gewoontes en uit die oppervlakligheid geskok te word. Die aanleer van 'n vreemde taal kan daardie skok teweegbring; of anders 'n mooi gedig of 'n pragtige prosateks wat voorbeelde is van die ware en essensiële spreekdaad, in die taal die bestaan van dinge openbaar. Dit is gegewe aan die digter. Ons sal nou aan hierdie laaste probleem aandag skenk.

'n Kort rekapitulاسie van wat ons tot hier toe in oënskou geneem het, sal dien as vertrekpunt van ons besinning oor die wese van die letterkunde. Die taalwetenskap het die verkillende taaleenhede wel afgesonder, maar kon nie die werklike taalgebeure verklaar nie. Dit was daarom nodig om die terrein van die wetenskaplike taalkunde te verlaat en die vraag na die wese van die taal te stel. Ons het tot die insig gekom dat in die taal die werklikheid openbaar word. Die laaste insig kan verrassend klink omdat dit in die alledaagse taalgebruik nie so duidelik is nie. Taal is dan ook nie 'n middel nie, nie 'n objek nie, maar 'n misterie. Ons kan die laaste bewering as volg verduidelik. Solank die ondersoek sig rig tot die taaleenhede en hulle kombinasie in die taalsisteem, is daar slegs voorlopige probleme wat miskien met noukeuriger en breër ondersoek opgelos kan word. Ek dink hier aan die voorbeeld van die oop en geslote klinkers in Frans. Maar sodra die ondersoek op die spreekdaad gerig is, het 'n mens met 'n sinthese te doen, d.w.s. die sin wat 'n geheel is, wat meer is as die totaal van sy komponente, en ook nie meer 'n geslote entiteit is nie maar 'n openheid op die werklikheid. Die betekenis van 'n sin is nie die som van die foneme en moneme en sinsdele waaruit dit saamgestel is nie. Die betekenis is nie geslote in die kombinasie van saamstellende elemente nie, maar is as 't ware vooraf en van buite af gegee. Vir my is dit nie 'n probleem nie maar is dit 'n misterie, en 'n misterie word nie opgelos nie; 'n mens kan hoogstens probeer om die misterie van binne af op te helder. Wat die sin saamhou en hom meer waarde en betekenis gee as die som van sy bestanddele is, dink ek, in die eerste plek die ritme. Dit is so dat daar in 'n sin verbande is tussen die eenhede waaruit hy saamgestel is. Maar hoe kan die luisteraar 'n verskil maak tussen 'n reeks klanke en 'n sin?iets in die spreekdaad moet hom die verband laat aanvoel voor dit inderdaad morfologies of sintakties formeel aangedui word. Aan die oorsprong van elke sin is daar 'n hoeveelheid energie wat al die elemente in 'n ban bring en daardie energie word konkreet uitgedruk in die ritme. Die energie kan ons miskien die beste begryp as die emosie, die uitdrukkingsnood wat in elke individu woon en wat ly onder die anonimiteit van die taalsisteem wat hy verplig is te gebruik om hom vir ander mense verstaanbaar te maak. Ons kan die laaste bewering uit 'n taalkundige standpunt toelig. Ons weet dat die taal as instelling 'n sisteem is wat bestaan uit geartikuleerde eenhede. Met die sisteem kan ons die werklikheid aandui. As soda-

nig is daar nie 'n noodsaaklike verband tussen die werklikheid en die taal wat die werklikheid aandui nie. Reeds by Plato was die willekeurigheid van die taalteken 'n onderwerp van bespreking. Twee teenoorgestelde opvattings voer die bekende Kratylos-dialoog: aan die een kant is daar Kratylos wat beweer dat daar 'n natuurlike verband is tussen 'n ding en sy juiste benaming wat dieselfde is vir alle mense en aan die ander kant beweer Hermogenes dat naamgewing 'n kwessie van gewoonte en konvensie is. Die einde van die dialoog laat die vraag oop. Filosofies gesien, lê die probleem in die feit dat taal nie bloot naamgewing is nie en dat 'n woord op sigself nie kennis van die ding kan bybring nie. Aristoteles het hierdie probleem oorbrug in sy logika waarin hy van die taal 'n middel tot bewysvoering maak. Die probleem kan dus saamgevat word deur te konstateer dat 'n woord 'n ideële betekenis het wat suiwer potentialiteit is en as sodanig 'n leegte is wat slegs gevul kan word in die werklike taalgebruik waarin die taal tot sigself terugkeer en sterwe. Die werklike taal is die spreekdaad, met ander woorde wat ek nou doen. En wat ek nou doen, is wat my liggaam praat, naamlik my longe, my stembande, my mondholte en tong. En as ek daarby ook nog 'n digter is, dan is die boom waarvoor ek in my gedig sing nie die idee van 'n boom nie maar daardie boom wat my met sy skadu omhul en in sy vorm 'n simbool is van die eenheid van die kosmos. In die konkrete taalgebruik is die taal nie meer willekeurig nie, maar het dit 'n natuurlike verband met die dinge waarvoor gepraat word. Die wonder van 'n gemotiveerde taal kom tot uiting in die digkuns. Ons kan die misterie nog van 'n ander kant toelig. Ons het almal reeds die ervaring gehad dat daar in 'n gesprek plotseling misverstande ontstaan, veral met mense wat vir ons baie dierbaar is. Dit lyk altyd asof die woorde wat ons nou uitgespreek het van ons afskei en vreemde word. En uit die reaksie van die gespreksgenoot kan ons agterkom dat hy ons heeltemal verkeerd verstaan het of 'n betekenis aans ons woorde geheg het wat nooit so deur ons bedoel is nie. Al hierdie dinge wat ons met die taal kan doen, toon aan dat daar in die mens 'n soort nostalgie bestaan, 'n wensdroom wat hunker na 'n adekwate taal waarin hy homself volledig kan uitdruk en wat in oorstemming is met die dinge waarvoor hy wil praat. Hier kom ons weer nader aan die letterkunde. In bepaalde tekste lyk dit asof hierdie volmaakte toestand van die taal gerealiseer is. Al die woorde staan op die regte plek en het 'n diepe en ware betekenis. Hulle is ook nie terme wat 'n mens in 'n woordeboek vind nie: hulle leef, hulle tril op die golwe van 'n persoonlike ritme wat die skrywer in sy sinne vasgelê het. Dit word nou duidelik waarom die studie van die letterkunde 'n integrerende deel van die taalonderrig moet wees. Solank ons slegs die taalsisteem bestudeer, het ons nog geen insig in die werklike taalgebeure nie. Meer nog, solank ons 'n taal bestudeer bloot ter wille van die kommunikasie met ander mense,

vertoef ons nog altyd in die sone van onegtheid wat die alledaagse lewe so onbevredigend kan maak. Die taal bereik eers sy ware wese in die letterkunde. Eers in die letterkundige teks word al die teenstellinge waaroor ons gepraat het met mekaar versoen. Eers in die gedig — en met gedig bedoel ek elke groot letterkundige teks, of dit nou in versvorm of in prosa is — kom die spreekdaad tot homself en realiseer hy homself volledig. Die interpretasie van 'n letterkundige teks moet dan ook rekening hou met die drie komponente wat ons in die taalgebruik ontdek het: die taal as sisteem, die spreekdaad as individuele uitdrukking, en die spreekdaad as openbaring van die syn.

Daar is eers die letterkundige werk as sisteem, as struktuur.

By die analise van byvoorbeeld 'n verhalende werk rig die strukturele ondersoek sig op die aaneenskakeling van gebeurtenisse en erken slegs as funksioneel dié gebeurtenis wat die oorsaak van ander gebeurtenisse is. Die helde self is nie meer belangrik nie; hulle is slegs uitvoerders van handeling wat deur die funksionele aaneenskakeling van gebeurtenisse bepaal word. 'n Konkrete voorbeeld uit die Franse middeleeuse epiek sal hierdie werkwyse verduidelik en sy beperkinge aantoon. Ons ken almal die Roelandslied, die eerste epos in die Franse letterkunde, wat 'n episode uit die stryd tussen die Christendom en die Islam besing. Na sewe jare van oorlog in Spanje is die Franse moeg vir die stryd. Die Arabiere verkeer in 'n ongunstige posisie en maak vredesvoorstelle. Sal die Franse die voorstelle aanvaar of nie? Daar is twee standpunte in die Franse kamp. Aan die een kant is daar Ganelon en die mense wat nou genoeg het en graag huis toe wil gaan om weer die goedgekookte kos van moeder, die vrou, te geniet.

Aan die ander kant is daar Roeland wat van oordeel is dat die stryd teen die heidene tot die volledige eindoorwinning voortgesit moet word. Tussen Ganelon en Roeland is daar nog 'n persoonlike vete ook wat tydens die krygsrade in die Franse kamp tot uitbarsting kom. Die vredeliewende party behaal die oorwinning en die Franse besluit om huis toe te gaan. Maar Ganelon, wat die ooreenkoms met die Arabiere aangaan, laat Roeland aanwys as leier van die agterhoede en maak seker met die Arabiere dat die agterhoede van 10 000 Franse aangeval sal word deur die hele Arabiese leer sodat die gehate Roeland eindelijk die onderspit sal delf. Die dinge gebeur soos Ganelon dit beplan het. Die Franse agterhoede word letterlik uitgemoor. Maar voordat Roeland sterf, blaas hy op sy thoring om die res van die Franse leer tot sy hulp te roep. Karel keer op die daad terug, maar by sy aankoms op die slagveld is alles dood, ook Roeland. Karel agtervolg die Arabiere en moor hulle ook uit. Funksioneel gesien, is die dood van Roeland absoluut nutteloos en het dit geen invloed op die opeenvolging van gebeurtenisse nie. Maar daardie dood word so uitvoerig behandel in die

drievoudige reeks van parallele strofes dat die mees naiewe leser geïnteresseer moet wees. Dit is dan ook so dat die dood van Roeland die sleutel bied tot die interpretasie van die hele heldedied.

Dit sou nog 'n intreedende kos om hierdie probleem in detail te behandel, maar die belangrikste punt is die volgende: 'n funksionele analise van 'n werk loop altyd en noodwendig die gevaar dat dit by die betekenis van die werk verbykyk. Funksie staan nie gelyk met betekenis nie, struktuur kan nie met sin vereenselwig word nie. Die uiterlike struktuur is slegs 'n deur wat toegang verskaf tot die innerlike. Nog anders uitgedruk: aan die oorsprong van 'n werk lê nie 'n uiterlike struktuur wat vooraf bestaan nie, maar 'n innerlike struktuur wat sy oorsprong vind in die gemoed van die individuele kunstenaar. Hy kan bestaande vorme aanwend, bestaande temas varieer, maar daardie vorm of tema kan nooit die individuele kunswerk verklaar nie. Ons moet dan ook verder soek en die tweede stap in die interpretasie probeer om die oorspronklike ritme wat die teks saambind, op te spoor. Die ritme van 'n teks bestaan nie slegs in die kort bestek van een enkele sin nie, maar vorm die totale werk. Slegs daardie ritme kan ons voer tot die oorspronklike belewenis wat aan die werk geboorte gegee het. Daardie belewenis is eers en veral individueel in soverre dit vorm kry en verwoord word deur die kreatief begaafde mens op die oomblik waarop hy nader aan die werklikheid kom. Die belewenis bestaan slegs in soverre en in die mate waarin dit uitdrukking in woorde vind, dit is die diep gedoken woord so soet waarvan die Vlaamse digter Guido Gezelle praat, la substantifique moelle van Rabelais, le secret douloureux van Baudelaire. Daardie hoogs individuele belewenis is wesenlik omdat dit in 'n sekere sin analoog is aan een van die belangrikste ervarings in elke menslike lewe, naamlik die belewenis van dood en wederopstanding. Elke digter het al op een of ander stadium gekla oor die ontoereikendheid van taal, oor die strengheid van die sisteem wat hy moet gebruik; maar hy moet hom eers in daardie sisteem verloor, daarin ondergaan, as 't ware sterwe, voordat hy tot die bron kan nader, die bron wat murmel in sy siel dat diep gedoken woord wat hy uit die diepte van sy siel moet ophaal en in 'n gepaste vorm aan die lig moet bring. Daardie vorm is nie uiterlik nie, maar innerlik, organies, en bestaan op elk niveau van die werk. 'n Voorbeeld uit die Franse letterkunde van die Sewentiende eeu sal dit duidelik maak. Ons meen die dramas van Pierre Corneille, die groot dramaturg wat aan sy tydgenote langs die weg van sy streng en sterk gevormde Aleksandryne 'n insig gebring het in die aard van die heroïsme. Die vier groot tragedies van Corneille, naamlik **Le Cid**, **Horace**, **Cinna** en **Polyeucte**, begin almal in die onsekerheid van die môreskemer. Die duisternis van die nag, drome of vae voorgevoelens hang oor die protagoniste. Daardie onsekerheid, daardie vaagweg vermoede

gebeurtenisse, word dan in die loop van die drama werklikheid, maar in 'n meer egte, ware sin. Die deurtog van duisternis na lig, van onsekerheid na sekerheid, van verblindheid na insig, maak ook die struktuur van die bedrywe uit. Elkeen eindig naamlik op 'n gedeeltelik beter insig en op 'n wilsbesluit van een van die protagoniste wat die aksie in die volgende bedryf aan die gang sit. Dieselfde struktuur word geopenbaar in die groot tonele, wat begin met 'n misverstand tussen die protagoniste wat langsaam opgehelder word en weer tot 'n wilsbesluit lei. Dieselfde struktuur lê die belangrikste replieke ten grondslag, wat bestaan uit volsinne waarin die baie ondergeskikte sinne wat in die lyf van die hoofsin ingebou is meebring dat slegs by die laaste woord van die volsin die betekenis in sy geheel duidelik word. Dieselfde struktuur word herhaal in die belangrikste beelde, wat in die eerste plek bedoel is om 'n beter insig te gee en nooit beskrywend is nie. Maar dié struktuur is nie slegs werksaam binne die bestek van een drama nie: die reeks van vier tragedies verwerklik op 'n steeds duideliker en dieper manier die basisstruktuur wat ons so pas beskryf het. En daardie struktuur beantwoord aan die essensie van die heroïsme, soos Corneille dit deurdink en verwoord het. Die held is naamlik in die eerste plek die mens wat 'n helder en duidelike voorstelling het van sy bestemming en daardie roepstem van sy bestemming verstaan en volledig bewus navolg. Maar daardie bestemming vra nie slegs dat die held die verlieftheid oorwin nie, soos in **Le Cid**; dat hy sy familie oorwin nie, soos in **Horace**; dat hy die staat oorwin nie, soos in **Cinna**. Die grootste oorwinning behaal die held oor homself, soos in **Polyeucte**.

¶ In die vier opeenvolgende tragedies kom Corneille tot 'n steeds beter insig in die essensie van die heroïsme: die held is 'n mens wat by sy volle bewussyn die dood ingaan. Maar met hierdie ontdekking van die basisstruktuur wat aan Corneille se dramatiese kuns te gronde lê, is die taak van die vertolker nog nie ten einde nie. Daardie intellektuele of ideële struktuur is beliggaam in die onvergeetlike verse van Corneille en eers as ek my aan daardie ritme oorgee, kan ek die heroïsme aanvoel en beleef. Dit is nie ydele woorde nie. Dit is miskien paslik om hier 'n anekdote aan te haal wat my diep getref het. Ons weet dat Corneille sy groot tragedies geskryf het in die stilte van sy werkkamer sonder dat hy ooit self op die slagveld was. Maar hy het daarom die angs van die stryd en die vreugde in die oorwinning gevoel om daardie gevoelens in sy verse uit te druk. Dertig jaar na die eerste opvoering van **Horace** word Corneille se seun op die slagveld gewond en om die ondraaglike pyn te deurstaan, dra hy die ontstertlike verse van sy vader se groot meesterwerk voor. Om die ritme reg te verstaan moet ons teruggaan tot die oorspronklike etimologiese betekenis van die woord, soos Demokritos dit in sy atomistiese natuurfiloso-

die gebruik het. Ritme is die individuele en onderskeidende besondere vorm wat dele in 'n geheel aanneem. Ritme ontstaan waar beweging vorm kry. Later, en dan in die besonder in die platoniese filosofie, het uit die oorspronklike betekenis die huidige betekenis van orde in die beweging ontstaan. Wat vir ons die belangrikste aspek van ritme in sy oorspronklike betekenis is, is die idee van oorsprong, die idee van ontstaan: die moment waarop die ewig vloeiende werklikheid vorm aanneem. Daardie moment aanvoel, daardie moment opspoor, lyk my die belangrikste taak in letterkundige studie. Daardie oorspronklike ritme is die gemoedsbeweging wat in woorde vorm kry. Deur die ritme word die persoonlike belewenis voelbaar vir ander mense. So kan Schelling sê: Rhythmus ist Einbildung der Identität in die Differenz.

Hierdie gedagte kan ek miskien die beste verduidelik deur 'n persoonlike ervaring wat ek opgedoen het by die voorbereiding van my lisensiaatsverhandeling. Vir daardie verhandeling het ek 'n studie gemaak van die gedigte van Pierre Reverdy, 'n moderne Franse digter wat 'n tydgenoot en vriend van die bekende kubistiese skilders was. Drie maande lank het ek byna dag en nag sy gedigte gelees en drie maande lank het ek g'n jota of titel daarvan begryp nie. Maar toe, plotseling op 'n Sondagmiddag in Desember, het ek 'n gedig gelees en verstaan. Die rede vir my onbegrip was bloot geleë in die feit dat ek óf te vinnig óf te stadig gelees het. Maar op daardie namiddag het ek die ritme begin aanvoel en het ek die gedigte begin verstaan. Die gedig van Reverdy is wesenlik opgebou uit 'n opeenvolging van bewussynmomente waarop die gevoelens van die digter op een of ander manier 'n eenheid met die dinge wat rondom hom gebeur, beleef. Daardie geheimenisvolle ooreenkoms tussen natuur en siel vind sy uitdrukking in die digterlike beeld, of beter nog in die opeenvolging van beelde wat elk een vers met hulle semantiese krag vul. Maar 'n beeld is 'n soort energie, analoë energie aan dié wat ons in die sin ontdek het, en neem tyd om hom aan die bewussyn op te dring. Lees die leser te vinnig, dan het die beeld nie tyd om hom in die verbeelding van die leser te verwerklik nie; lees die leser te traag, dan is die energie reeds uitgeput voordat die volgende beeld hom aanbied.

Die derde stap in die interpretasie is die moeilikste. Ek het dit al in 'n mate voorberei in die bespreking van ritme, toe ek aangetoon het dat dit die oorgawe aan ritme is wat dit moontlik maak om te voel wat die digter gevoel het. 'n Letterkundige teks is nie net 'n vorm nie, dit is ook nie net persoonlike uitdrukking nie, dit is openbaring van die bestaan. In sy eenvoudigste vorm kan ons hierdie bewering vertolk deur te sê dat 'n groot kunswerk ons 'n insig gee wat ons voorheen nie gehad het nie. Maar die insig is 'n

beleefde insig. Soos Pierre Reverdy, oor wie so pas gepraat, gesê het: wie een keer die oë oopgemaak het, kan hulle nooit weer toemaak nie. Hiermee het ek dan weer aangeland by die begin van hierdie lesing, toe ek gesê het dat die bedoeling is om 'n beter insig te verwerf in die taak wat op my wag. Dié taak het die professor wat my eerste tree op pad van letterkundige studie gelei het, in 'n onlangse publikasie omskryf. Professor Guiette van die Universiteit van Gent in België definieer die lektuur as 'n herbelewing van die teks (ek hoop u sal my die paar sinne Frans wat volg vergeef):

Ce qui importe, c'est de repenser, revivre ce qu'un autre a pensé, a vécu, se former à l'expérience d'autrui, apprendre à vivre en voyant vivre, prendre conscience de la vie.

Hierdie stap lei tot die inskakeling van my lektuur in my persoonlike geskiedenis.

Daar is eintlik nog 'n vierde stap in elke volledige interpretasie: dit is die inskakeling van die opnuut beleefde teks in die geskiedenis van die mensheid. Maar daar verlaat die letterkundige sy eie spesifieke domein. Die enigste wat ek as letterkundige kan belooft, is om nooit die indruk te wek dat daardie laaste probleem niks met die letterkunde te maak het nie. Dit is dan die einde van my wysheid en tewens die einde van hierdie uiteensetting. Ek dank u vir u aandag.

De plus en plus, l'enseignement traditionnel des langues est remplacé par un enseignement pratique basé sur les découvertes de la linguistique moderne. Celle-ci veut être empirique et conçoit la langue comme un système de signes. Elle vise d'abord l'isolation des éléments qui constituent la langue pour dégager ensuite les lois qui gouvernent leur combinaison. Pour mener à bien cette tâche, elle doit faire abstraction de l'acte de la parole, des changements dans le système, de l'intention du locuteur et de la valeur référentielle du signe linguistique. Les lacunes de la linguistique structuraliste ont ainsi appelé les corrections de la grammaire transformationnaliste et de la linguistique phénoménologique. La langue n'est pas seulement un système de communication mais d'abord et avant tout révélation du monde et expression individuelle. C'est dans le texte littéraire que la langue se réalise le plus pleinement. L'interprète du texte littéraire ne peut pas se contenter d'en décrire la structure mais il doit en rechercher la source profonde qui se révèle essentiellement dans son rythme particulier. Il doit en même temps essayer de revivre l'expérience humaine qui s'exprime dans ce texte, quitte à modifier ou à approfondir sa propre connaissance du monde et de soi-même.

PUBLIKASIES IN DIE REEKS VAN DIE UNIVERSITEIT

1. „Gids by die voorbereiding van wetenskaplike geskrifte” — Dr. P.C. Coetzee.
2. „Die Aard en wese van Sielkundige Pedagogiek” — Prof. B.F. Nel.
3. „Die Toenemende belangrikheid van Afrika” — Adv. E.H. Louw.
4. „Op die Drumpel van die Atoomeeu” — Prof. J.H. v.d. Merwe.
5. „Livestock Philosophy” — Prof. J.C. Bonsma.
6. „The Interaction Between Environment and Heredity” — Prof. J.C. Bonsma.
7. „Verrigtinge van die eerste kongres van die Suid-Afrikaanse Genetiese Vereniging — Julie 1958”.
8. „Aspekte van die Prysbeheersingspolitiek in Suid-Afrika na 1948” — Prof. H.J.J. Reynders.
9. „Suiwelbereiding as Studieveld” — Prof. S. H. Lombard.
10. „Die toepassing van fisiologie by die bestryding van Insekte” — Prof. J.J. Matthee.
11. „The Problem of Methaemoglobinaemia in man with special reference to poisoning with nitrates and nitrites in infants and children” — Prof. D.G. Steyn.
12. „The Trace Elements of the Rocks of the Bushveld Igneous Complex”, Part 1. — Dr. C.J. Liebenberg.
13. „The Trace Elements of the Rocks of the Bushveld Igneous Complex. Part II. The Different Rock Types”. — Dr. C.J. Liebenberg.
14. „Protective action of Fluorine on Teeth”. — Prof. D.G. Steyn.
15. „A Comparison between the Petrography of South African and some other Palaeozoic Coals” — Dr. C.P. Snyman.
16. „Kleinveekunde as vakrigting aan die Universiteit van Pretoria” — Prof. D.M. Joubert.
17. „Die Bestryding van Plantsiektes” — Prof. P.M. le Roux.
18. „Kernenergie in Suid-Afrika” — Prof. A.J.A. Roux.
19. „Die soek na Kriteria” — Prof. A.P. Grové.
20. „Die Bantoetaalkunde as beskrywende Taalwetenskap” — Prof. E.B. van Wyk.
21. „Die Statistiese prosedure: teorie en praktyk” — Prof. D.J. Stoker.
22. „Die ontstaan, ontwikkeling en wese van Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie” — Prof. P.C. Snijman.
23. „Freedom — What for” — K.A. Schrecker.
24. „Once more — Fluoridation” — Prof. D.G. Steyn.
25. „Die Ken- en Werkwêreld van die Biblioteekkunde” — Prof. P.C. Coetzee.
26. „Instrumente en Kriteria van die Ekonomiese Politiek n.a.v. Enkele Ondervindinge van die Europese Ekonomiese Gemeenskap” — Prof. J.A. Lombard.
27. „The Trace Elements of the Rocks of the Alkali Complex at Spitskop, Sekukuniland, Eastern Transvaal” — Dr. C.J. Liebenberg.
28. „Die Inligtingsprobleem” — Prof. C.M. Kruger.
29. „Second Memorandum on the Artificial Fluoridation of Drinking Water Supplies” — Prof. D.G. Steyn.

30. „Konstituering in Teoreties-Didaktiese Perspektief” — Prof. F. van der Stoep.
31. „Die Akteur en sy Rol in sy Gemeenskap” — Prof. Anna S. Pohl.
32. “The Urbanization of the Bantu Homelands of the Transvaal” — Dr. D. Page.
33. „Die Ontwikkeling van Publieke Administrasie as Studievak en as Professie” — Prof. J.J.N. Cloete.
34. “Duitse Letterkunde as Studievak aan die Universiteit” — Prof. J.A.E. Leue.
35. „Analitiese Chemie” — Prof. C.J. Liebenberg.
36. „Die Aktualiteitsbeginsel in die Geologiese navorsing” — Prof. D.J.L. Visser.
37. „Moses by die Brandende Braambos” — Prof. A.H. van Zyl.
38. “A Qualitative Study of the Nodulating Ability of Legume Species: List 1” — Prof. N. Grobbelaar, M.C. van Beyma en C.M. Todd.
39. „Die Messias in die saligsprekinge” — Prof. S.P.J.J. van Rensburg.
40. Samevatting van Proefskrifte en Verhandeling 1963/1964.
41. „Universiteit en Musiek” — Prof. J.P. Malan.
42. „Die Studie van die Letterkunde in die Bantoetale” — Prof. P.S. Groenewald.
43. Samevatting van Proefskrifte en Verhandeling 1964/1965.
44. „Die Drama as Siening en Weergawe van die Lewe” — Prof. G. Cronjé.
45. „Die Verboude Grond in Suid-Afrika” — Prof. D.G. Haylett.
46. „’n Suid-Afrikaanse Verplegingscredo” — Prof. Charlotte Searle.
47. Samevatting van Proefskrifte en Verhandeling 1965/1966.
48. „Op Soek na Pedagogiese Kriteria” — Prof. W.A. Landman.
49. „Die Romeins-Hollandse Reg in Oënskou” — Prof. D.F. Mostert.
50. Samevatting van Proefskrifte en Verhandeling 1966/1967.
51. “Inorganic Fluoride as the cause, and in the prevention and treatment, of disease” — Prof. Douw G. Steyn.
52. “Honey as a food and in the prevention and treatment of disease” — Prof. D.G. Steyn.
53. “A check list of the vascular plants of the Kruger National Park” — Prof. H.P. van der Schijff.
54. “Aspects of Personnel Management” — Prof. F.W. Marx.
55. Samevatting van Proefskrifte en Verhandeling 1967/1968.
56. „Sport in Perspektief” — Prof. J.L. Botha.
57. „Die Huidige Stand van die Gereformeerde Teologie in Nederland en ons Verantwoordelikheid” — Prof. J.A. Heyns.
58. „Onkruid en hul beheer met klem op chemiese beheer in Suid-Afrika” — Prof. P.C. Nel.
59. „Die Verhoudingstrukture van die Pedagogiese Situasie in Psigopedagogiese Perspektief” — Prof. M.C.H. Sonnekus.
60. „Kristalhelder Water” — Prof. F.A. van Duuren.
61. „Arnold Theiler (1867-1936) — His Life and Times” — Dr. Gertrud Theiler.
62. „Dr. Mans Merensky — Mens en Voorbeeld” — Prof. P.R. Skawran.
63. „Geskiedenis as Universiteitsvak in Verhouding tot ander Vakgebiede” — Prof. F.J. du Toit Spies.

64. „Die Magistergraadstudie in Geneeskundige Praktyk (M. Prax. Med.) van die Universiteit van Preoria” — Prof. H.P. Botha.
65. Samevatting van Proefskrifte/Verhandelinge 1968/1969.
66. „Kunskritiek” — Prof. F.G.E. Nilant.
67. „Anatomie — ’n Ontleding” — Prof. D.P. Knobel.
68. „Die Probleem van Vergelyking en Evaluering in die Pedagogiek” — Prof. F.J. Potgieter.
69. „Die Eenheid van die Wetenskappe” — Prof. P.S. Dreyer.
70. „Aspekte van die Sportfisiologie en die Sportwetenskap” — Dr. G.W. v.d. Merwe.
71. „Die rol van die Fisiologiese Wetenskappe as deel van die Veterinêre Leerplan” — Prof. W.L. Jenkins.
72. „Die rol en toekoms van Weidingkunde in Suid-Afrikaanse Ekosisteme” — Prof. J.O. Grunow.
73. „Some Problems of Space and Time” — Mnr. K.A. Schrecker.
74. „Die Boek Prediker — ’n Smartkreet om die Gevalle Mens” — Prof. J.P. Oberholzer.
75. Titels van Proefskrifte en Verhandelinge ingedien gedurende 1969/1970; 1970/1971 en 1971/1972.
76. „Die Akademiese Jeug is vir die Sielkunde meer as net ’n Akademiese Onderwerp” — Prof. D.J. Swiegers.
77. „’n Homeletiese Herwaardering van die Prediking vanuit die Gesigshoek van die Koninkryk” — Prof. J.J. de Klerk.
78. „Analise en Klassifikasie in die Vakdidaktiek” — Prof. C.J. van Dyk.
79. „Bantoereg: ’n Vakwetenskaplike Terreinverkenning” — Prof. J.M.T. Labuschagne.
80. Dosentekursus 1973 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus 30 Jan — 9Feb 1973.
81. „Volkekunde en Ontwikkeling” — Prof. R.D. Coertze.
82. „Opleiding in Personeelbestuur in Suid-Afrika” — Prof. F.W. Marx.
83. „Bakensyfers vir Dierreproduksie” — Prof. D.R. Osterhoff.
84. „Die Ontwikkeling van die Geregtelike Geneeskunde” — Prof. J. Studer.
85. „Die Liggaamlike Opvoedkunde: Geesteswetenskap?” — Prof. J.L. Botha.
86. Dosentekursus: 1974 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus.
87. „Die opleiding van die mediese student in Huisartskunde aan die Universiteit van Pretoria” — Prof. H.P. Botha.
88. „Opleiding in bedryfseconomie in die huidige tydvak” — Prof. F.W. Marx.
89. „Swart arbeidsregtelike verhoudings, quo vadis?” — Prof. S.R. van Jaarsveld.
90. „The Clinical Psychologist: Training in South Africa” — A report on a three-day invitation conference on the training of the clinical psychologist in South Africa.

Pta. Drukkers

ISBN 0 86979 091 9